# THE MARINA NEWS

Edition no. 1





## "Ń EILAND VAN UITNEMENDHEID"



NEWS / NUUS • Deur Jeanny Strauss

"ń Eiland van uitnemendheid"… Wat ń kragtige konsep en woorde wat my bybly sedert ń inwoner dit onlangs aan my genoem het. Dit vind toepassing, nie net vir Waterkloof Marina as kollektief nie, maar ook vir elkeen van ons as individu. Daardie gesprek was vir my kosbaar, in soveel opsigte.

Dit het my weer laat dink oor die hart van hierdie plek wat ons almal op 'n manier aan mekaar bind. Ons gedeelde belang. Waterkloof Marina, so uniek. Sy mense so divers soos die blomme van die veld… altyd kleurvol, soms gehard, soms sensitief. Hierdie tuiste van ons is visueel iets besonders. Pragtig, eksklusief.

Maar dis ook soveel meer as net dit. Dis ń leefstyl van ontspanning en vriendskap, vir dié wat dit aangryp. Dis ń hawe van geluk, vir dié wat gaan stilstaan en dieper kyk. Soos enige organisasie gaan ons deur fases van groei, maar ons is altyd onwrikbaar oppad na die beste weergawe van wat ons kan wees.

Wat kan ons verhoed om ń eiland van uitnemendheid te word?

My beste raad is: moenie verstrengel raak in negatiewe praatjies nie. Moenie toelaat dat die vreugde wat hierdie tuiste ongetwyfeld vir u inhou en die vriendskappe en ervarings wat dit bied, verdwerg word deur die doemprofete nie. Fokus op elke positiewe aspek van u lewe en omgewing. Ons kan nie die wêreld verander nie, maar ons kan onsself verander. Ons het nie altyd beheer oor wat buite ons landgoedgrense aangaan nie, maar hier binne kan ons as mense wat konstruktief saamwerk, berge versit.

Kom ons word ń eiland van uitnemendheid, te midde van ń onstuimige wêreld van politiek, pandemie en paniek. Laat ons saamwerk, deur die regte kanale, om elke probleem aan te pak en net beter en beter te word. Kom ons kyk vorentoe, altyd.

Tot volgende keer!
Jeanny Strauss

WATERKLOOF MARINA
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

## What's new?


| | |
|---|---|
| Annual General Meetings | p2 |
| Safety & Security | p3 |
| Our own Whiskey Association | p3 |
| Our Residents | p4, 7, 9 + 10 |
| Important Information | p6 |
| Daily Motivation | p7 |
| Let's Unwind | p10 |
| Want to Advertise? | p11 |
| How to: Complaints | p12 |


## Get in Touch


- Email: admin.waterkloof@csimanagement.co.za
- Reception Tel: 012 883 1900/01/04
- Address: 296 Orion Avenue, Waterkloof Ridge, 0181

# ANNUAL GENERAL MEETINGS

NEWS / NUUS • The Basics

The first Annual General Meeting (AGM) may seem daunting when you first acquire a property in a scheme BUT it's an important and necessary responsibility;

## 1 WHY IS AN AGM NECESSARY AND SHOULD I ATTEND

As a legal entity, and in terms of the Memorandum of Incorporation of the Waterkloof Marina Retirement Estate Home Owners Association (RF) NPC ("HOA"), an Annual General Meeting ("AGM") is required to be held. The AGM provides the Home Owners the opportunity to discuss the financial and general management of the Waterkloof Marina Retirement Estate Home Owners Association. As a home owner it is necessary that you keep informed about how the HOA is being managed as well as special projects that may influence the financial position of the HOA, such as, for example a special levy.

## 2 WHAT DOCUMENTS DO OWNERS NEED BEFORE AN AGM

- The Agenda of the AGM,
- The Financial Statements,
- The Proposed Budget / Estimate on Income and Expenditure for ensuing year,
- The Insurance Schedule,
- Copy (or comprehensive summary) of any document that is to be considered or approved at the meeting
- Proxy Form

## 3 THREE KEY POINTS TO BE COVERED AT THE AGM

- Proposed budget
- Insurance
- Election(s)

## 4 WHEN WILL THE AGM TAKE PLACE

The AGM will take place, virtually, on 26 August 2021, at 16:00

## 5 WHAT IF I AM UNABLE TO ATTEND THE AGM

Owners can vote in their personal capacity or can be represented by proxy at the AGM. If you are unable to attend the AGM you can appoint a proxy in the prescribed form to cast a vote on your behalf. Important to note, a person cannot act as a proxy for more than 2 members.

## 6 OTHER REASON(S) FOR A PROXY

Where 2 or more persons are entitled to exercise one vote jointly, that vote may be exercised only by one person who must be appointed as their proxy. Further, votes of members who are juridical entities such as companies and close corporations must be exercised by natural persons they have appointed as their representative in accordance with the provisions of their governance documents.



Written by:
Barbara Coetzee [16]

# VEILIGHEID & SEKURITEIT

NEWS / NUUS • Deur Kobus du Plessis [206]

**Veiligheid en sekuriteit** is so ń integrale deel van ons bestaan hier in Suid-Afrika dat dit partykeer al is waarop ons fokus - MISDAAD. Baie van ons se keuses om hier in die Marina te kom woon was in ń groot mate beïnvloed deur die veilige omgewing wat hier geskep is. Hoe wonderlik is dit nie om hier te bly nie en MISDAADVRY te kan rondbeweeg nie. ń Uiters lae risiko om aangeval te word, besteel te word, in die nag wakker gemaak word met iemand langs jou bed. Jy kan in der waarheid rustig in die aand agter oorsit en TV kyk of ń boek lees en net lekker ontspan sonder om heeltyd te luister na dit wat in die agtergrond aangaan. Inderdaad wat ń voorreg.

**PASOP** – is ons nie dalk die grootste misdadiger in ons eie lewe nie? Het ons nie dalk opgehou om ons gesonde verstand te gebruik nie?

Dra ons ons maskers as ons by mekaar kuier – hou ons veilige afstande – saniteer ons ons hande gereeld.

Dra ons ons nood knoppies by ons. Weet ons vriende waar ons rondbeweeg. Bel ons mekaar in die oggende (dit is ń gratis oproep).

Het jy vrede gemaak met jou fisiese vermoë en tekortkominge of probeer jy nog aan jouself bewys dat jy myle ver kan stap, trappe klim – my liggaam kan dit mos nog doen – moet my asseblief tog nie vashou as ons loop nie – ek sal self regkom sonder my kierie of loopraam.

Baie van ons ken nie die omgewing nie en kom van ver af. Doen tog asseblief navraag voor jy besienswaardige plekke besoek. KLAPPERKOP IS TABOE.


Wat van ons bank sake – laat ons ons kinders toe om ons rekeninge te betaal of gaan trek ons nog elke maand n klomp kontant omdat ons nie elektoniese bankdienste vertrou of kan gebruik nie. Besef ons dat ons blootgestel is aan mense wat met slinkse, emosionele langtraan pogings ons geld wil steel.

Ek sidder as ek dink aan ons kleinkinders wat so lekker hier by ouma en oupa kom kuier. Kan jy hulle regtig hanteer? Kan jy die jong rabedoes in toom hou? Besef jy hoe gevaarlik is die dam vir die kleintjies onder JOU toesig wat oralste rond hardloop. Ek het nou die dag my kleindogter van 8 jaar vir ń lekker warmwater swem gevat net om uit te vind dat sy nie ń idee het wat swem is nie. Inteendeel sy kan glad nie swem nie. Onthou net dat as iemand onder die water verdwyn jy hom nie meer kan hoor skree nie.

SO ASSEBLIEF GEBRUIK JOU GESONDE VERSTAND.
Tot volgende keer.

# WATERKLOOF SE EIE WHISKYVERENIGING

NEWS / NUUS • Deur Chris Gildenhuys [57]




*WhatsApp* groepikoon

ń Paar inwoners het vroeg in die jaar gesels oor die idee om ń vereniging (*society*) vir whiskyliefhebbers op die been te bring. Daad is by die woord gevoeg en is die vereniging gestig. Daar is tans 27 inwoners wat deel is van die groep.
Kommunikasie vind hoofsaaklik per *WhatsApp* plaas en is ń spesiale logo as groepikoon hiervoor ontwerp (sien hieronder). In breë trekke het die *WhatsApp*-groep ten doel om whiskyproe-byeenkomste bekend te maak, interessante nuus of inligting met betrekking tot whisky te kommunikeer en te deel en om lede in te lig oor winskopies en nuwe ontdekkings.

Daar is reeds by twee geleenthede in die historiesegebou byeengekom. Op 11 Maart het Valentine Maseko van *Whisky Brother* (ń Johannesburg-gebaseerde invoerder en verspreider van whiskies van regoor die wêreld) ń hoogs interessante aand met die tema "Introduction to Whiskies" aangebied. By hierdie baie aangename geleentheid het Valentine ons aan vyf verskillende whiskies bekendgestel. Almal teenwoordig het dit uiters leersaam gevind en was dit die ideale afskop van ons vereniging se aktiwiteite vir die jaar.

ń Tweede geleentheid is op 4 Mei gehou. Hierdie keer het drie

van ons lede elk ń whisky van sy keuse aan die groep tydens ń kort praatjie aangebied en bekendgestel. Na afloop is daar gesellig gekuier aangesien heelwat van die gades ook bygewoon het en vir iets te ete gesorg het.

Die volgende byeenkoms (soortgelyk aan die Mei-byeenkoms) word vir laat Augustus / vroeg September beplan en dan weer ń aanbieding deur iemand van *Whisky Brother* op 'n somersaand in November voordat die jaar ten einde loop.

Belangstellendes (enigste vereiste is dat jy van whisky moet hou en geniet) kan met Chris Gildenhuys (WM57; 082 415 3624; bcgil2610@gmail.com) of Anton van Velden (WM10; 082 881 4361; vanvelden@vzlr.co.za) in verbinding tree.

Tot ń volgende keer… ***Cheers! Slàinte Mhath (slanj-a-va)!***



Valentine Maseko van *Whisky Brother* stel een van die whiskies tydens die 11 Maart byeenkoms bekend

# WHO IS EMIL HAHN

RESIDENTS / INWONERS • Written by Caylin Chapman; Told by Emil Hahn [1329]

Emil was born in the ore mountains at a place once called the Kingdom of Bohemia that would later be known as the Czech Republic. He is an only child and stayed with his mother during the Second World War and his father was a soldier. After Germany had lost the war in 1945, Emil and his family were forced to leave their home and all their belongings behind.

Emil got married in 1949 in Potchefstroom to the love of his life. He explains South Africa in the 50's as "a time of much excitement and very rich in culture". He has two sons, two daughters, three grand-children and one great-grandson.

He always wanted to pursue engineering and completed his studies at a TECH College in Johannesburg. His career started off in Potchefstroom at the City Council in the Electricity Department. Thereafter he worked at Philips, Wadeville in Design, Research and Development for seven years. He then moved from Philips to Siemens as their Chief-Designer. Later in his career he ended up working for 35 years in a Hi-Tech factory owned by a friend whereafter he finally retired.



Emil had a near death experience in his life, after which he miraculously recovered. He then decided to study to become a pastor and commit his life towards working for the Lord. His favorite bible verse is Psalm 23:1 "The Lord is my Shepherd".

He really enjoys living here at the Waterkloof Marina Retirement Estate. He says that "it is a pure pleasure being here".

# ONTMOET VIR ROBERTO

INTRODUCING / BEKENDSTELLING



Ontmoet vir Roberto Fourie, die nuwe bestuurder in die Servest-tuig (tuindienste):
Ek is 36 jaar oud en gebore in Montagu in die Boland. Ek het in Montagu skool gegaan. Na skool is ek Cape Peninsula University of Technology om my Diploma te kry. Ek het tot op hede spesialiseer in turf gras, landskaperingbestuur en instandhouding van sportvelde. Ek het 6 jaar by Pinnacle Point Golf Estate gewerk, 8 jaar by Nelson Mandela Bay stadium en 3 jaar by Nelson Mandela Universiteit gewerk.
Stokperdjies: ek hou van die buitelewe, rugby, golf, jag, braai en kamp.
Al is ek van Montagu, ondersteun ek die Blou Bulle...

# Frail, Dementia and Home Based Care

## Waterkloof Marina Estate

www.laviecare.co.za



La Vie
CARE

**COVID-19**
Our facilities have isolated rooms equipped and ready to take care of COVID-19 patients.

At La Vie Care our objective is to offer the highest quality, personalised care to each individual resident while creating a homely and nurturing environment. Our world-class facilities follow a holistic wellness approach and are staffed by highly-skilled healthcare professionals, whom are dedicated to provide the best quality service.

- **Bed capacity:** 46, currently 34 residents
- **Daily:** Jaclyn Alton Physiotherapy & Theresa Swart Occupation Therapy
- **LVC Staff:** 10 Sisters, 2 Administrators, 1 Receptionist & 1 Manager
- **Doctors:** Annerie Boshoff & Elzanne de Villiers

La Vie Care Home Based Care Services. Our vast range of services and products are at your disposal, 24/7.



## PEEP-IN SERVICE

Our most popular HOME BASED CARE service.

**Monday to Friday: R1 960.00**

- 3 peep in's per day - no showers

**Monday to Friday: R4 850.00**

- 3 Peep in's per day + showers



## MEDICATION DISPENSING

Monitoring of medication that the resident takes to confirm that he or she is complying with a medication regimen, while also ensuring the patient is avoiding potentially dangerous drug interactions and other complications.

R1 720.00 per month



## VILLAGE CLINIC

Sr Nelia Loubser is available and ready to take care of you when and if needed.

She can help with:

(1) Blood pressure test; (2) Blood glucose test; (3) Urine test; (4) Injections; (5) Cholesterol test & (6) Basic wound care

# La Vie Care Bestuurder



My naam is Rencia Opperman. Ek is hierdie jaar reeds 38 jaar gelukkig getroud met Chris en het drie yslike groot kinders, 35, 32 en 25 jaar oud. My amptelike titel is Uitvoerende Bestuurder: Sorg Fasiliteite, maar ek is eintlik net ń baie klein deel in ń groot, wonderlike span mense. Ek is reeds hierdie jaar 18 jaar in diens by La Vie Care – 'n beroep waarvoor ek gebid het, en nooit besef het presies hoevéél ék daaruit sou kry nie.

My allereerste prioriteit is om almal om my gelukkig te sien. My inwoners in die Sorgsentrum, hul kinders, familie, die Landgoed inwoners, personeel, sommer almal om my. Ek sien myself as ń probleem oplosser, ń goeie luisteraar en ń mense-mens. Om by Waterkloof Marina in beheer te wees van die mediese dienste is ń heerlike, uitdagende posisie, maar hou veel meer beloning in.

Indien u in die omgewing van die Sorgsentrum ontvangs is, kom loer gerus in, stel uself voor, en kuier so klein bietjie!

# IMPORTANT INFORMATION

DETAILS / BESONDERHEDE

## UITNODIGING

Die Redaksie nooi elke inwoner hartlik uit om jou stories en vertellings aan ons te stuur vir publikasie.

Stuur dit na jeanny@csimanagement.co.za

Indien jy sou verkies om liewer jou storie aan iemand te vertel sodat dit namens jou geskryf word, skakel Ontvangs, 1901 of 1904 en ons reël ń afspraak.

| WEEKLIKSE AKTIWITEITE | | | |
|---|---|---|---|
| DAE | TYD | AKTIWITEIT | KONTAK |
| Maandag | 09h00 | Bussie na winkels | 1901/1904 |
| | 08h00-09h00 | Pilates | Tessa: 072 747 8373 |
| Dinsdag | 09h00 | Handwerk groepie | Amanda: 0191 |
| | 16h00-17h00 | Lyndanse | Zani: 0147 |
| Woensdag | 08h00-09h00 | Pilates | Tessa: 072 747 8373 |
| | 09h00 | Bussie na winkels | 1901/1904 |
| Donderdag | 10h00 | Kerkdiens | 1901/1904 |
| | 18h30-19h30 | Lyndanse | Zani: 0147 |
| Vrydag | 07h00 | 'Let's get moving' oefengroep | Leslie: 083 471 6752 |

## BUSDIENS

- Die bussie word deeglik ontsmet voordat passasiers toegelaat word
- Maskers is verpligtend tydens die hele periode van reis en inkopies
- Persoonlike ruimte word streng toegepas

Indien jy wil saamry, skakel 1901 of 1904 vroegtydig om plek te bespreek.

Maandae: 09h00 - 11h00 (Castle Gate + Monument Spar)

Woensdae: 09h00 - 11h00 (Irene Mall + Woodlands)

| TELEPHONE NUMBERS / TELEFOON NOMMERS | | |
|---|---|---|
| EMERGENCIES / NOOD NOMMERS | | |
| Ambulance | Netcare | 082 911 |
| Fire Station | Erasmuskloof | 012 358 2205 |
| Police | Brooklyn | 012 366 1700 |
| Pharmacy | DisChem | 012 574 0485 |
| Hospital | Kloof | 012 367 4000 |
| SERVICES / DIENSTE | | |
| Frail Care | 1913 | 063 652 6602 |
| Frail Care | 1911 / 1912 | |
| Village Nurse | 1919 | |
| Security | 1932 | |
| Kitchen | 1922 | |
| Coffee Shop | 1924 | |
| Laundry | 1926 | |
| Beauty Salon | 1928 | |
| Reception | 1901 / 1904 | |
| 24/7 Maintenance | 064 629 3208 | |



# WHO IS THE DEKKER FAMILY

RESIDENTS / INWONERS • Deur Len en Jo Dekker [188]

1 Oktober 2021, sal Jo en Len 10 jaar getroud wees. Albei se vorige huweliksmaats is oorlede en albei was baie gelukkig getroud. Ons is "sonder bagasie".

Jo en haar man Andrè Dreyer het 40 jaar saamgewerk as aptekers by hul Elarduspark Apteek. As mede student op Potchefstroom het hulle mekaar ontmoet. Daar is drie Dreyer-kinders AW (Patoloog), Marina (Rekenmeester) en Tertia (Apteker).

Jo het in Pretoria groot geword en was by Afrikaans Meisies Hoër op skool. Sy hou van reis en het ń "wunderlust" wat haar al geneem het na plekke soos Alaska, Rusland en die hele Europa.

Sy en Len het veral ń voorkeur vir groot passasiersbote wat elke dag in ń ander hawe vasmeer.

Len was in Oos-Londen op skool en het regte studeer aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is reeds in 1973 as prokureur toegelaat. Sy eerste vrou Wena was ń ortopediese teatersuster en hul vier kinders is Nick (Finansiële Adviseur), Leentjie (Spraakterapeut), Lize (Bloemis), en Marais (Prokureur). Saam het Jo en Len 7 getroude kinders en 14 kleinkinders. Die kleinkinders geniet ń besoek aan Waterkloof Marina om vis te vang of net te stap.

Len was etlike jare verbonde aan die Departement Staatkundige Ontwikkeling wat vereis het dat sy gesin 6 maande in die Kaap en 6 maande in Monument Park Wes gewoon het. Voordat die provinsie Transvaal in 1994 in 4 nuwe provinsies verdeel is, was Len die laaste Direkteur Generaal van die gewese Transvaalse Provinsiale Administrasie. Nadat hy die staatsdiens verlaat het, is hy terug na sy regsberoep.

Tans is hy ń prokureur in Monument Park wat spesialiseer in Arbeidsake en is ook ń deeltydse Kommissaris by die CCMA.

Kenmerklik van hom is sy pet, om die kaalkop warm te hou en sy hond Gupta, die Jack Russel, wat hom oral vergesel.



Foto: ń Paar kinders by die "HISTORIESE GEBOU"

# DAILY MOTIVATION

INSPIRATION / INSPIRASIE • Deur Mockey Engelbrecht [11]

Sing van vreugde! Dink vreugde! Leef vreugde!
Daar's iets anders omtrent ń dag wat jy vreugdevol deurbring, iets merkwaardig wat gebeur. Dae vol vreugde staan uit omdat hulle skaars is, ń oase in die gewone manier waarop ons dinge doen. Hoe sou dit wees as jy sou besluit om elke oggend te begin met lofliedere te sing van vreugde en die vrede te hê van weet jy word beskerm, bemin en is bedoel om te leef soos wat jy leef.
Onse Vader se sorg omvou jou saggies soos die vlerke van ń engel. Begin hierdie dag met ń glimlag vir die wêreld, nuwe energie vir jou geliefdes en die vaste voorneme dat jy dit vandag sal probeer.
Mooi loop.

# Do you know the difference?

Let us explain what the difference is between a (1) Acute Hospital, (2) Sub-Acute Hospital, (3) Care Center and (4) Home Based Care:


La Vie CARE











| ACUTE HOSPITAL | SUB-ACUTE HOSPITAL | CARE CENTER | HOME CARE |
|---|---|---|---|
| Like e.g. Willows / Pretoria East (Mediclinic/Life) | Like e.g. Lynnmed Clinic | LVC at Waterkloof Marina Retirement Estate | In your own home |
| Registration / Inspection by Department Health | Registration / Inspection by Department Health | Inspections by Department Health AND Department Welfare (Social Development) | La Vie Care has no "Home Base Care" practice number - thus cannot claim from Medical Aid |
| Obtain a PRACTICE number at BHF (Board of Healthcare Funders) | Obtain a PRACTICE number at BHF (Board of Healthcare Funders) | Only registered at Department of Welfare | Private SRs can register with BHF for a practice number and can then claim from some medical aids for Wound or Stomach Care |
| Costs are recovered through medical aid | Costs are recovered through medical aid | NO practice number is issued - therefore you CANNOT claim from medical aid. 99% of medical aids do not pay for Tender Care (Frailcare) Exceptions: Bankmed | Some medical aids pay limited amounts for Home Care - find out if your own fund does |
| Hospitalization fairly unlimited - depending on your Medical Fund and plan option. You are ill or need surgery | Fairly limited time - authorization usually 3-14 days. Post-operative/ rehabilitation / wound care | Usually LONG TERM weakened care | Also called Midcare / Assisted Living. Long term, depending of person's condition |
| Trained, registered Nursing staff / Doctors / Specialists / Therapists on the premises 24/7 | Trained, registered Nursing Staff / Caregivers / Therapists on site | Trained, Registered Nurse (Sr) / Caregivers. Therapists come in Care Center to see residents on their own request. Costs are paid out the Day-to-Day benefit. | Only a caregiver. Therapists can do home visits at the resident's own request. Therapy costs are paid out of the Day-to-Day benefit from your fund. |
| Operations / Medical interventions such as IV/Wound Care / Emergencies | No theaters - so no operations. May do IVs. Wound Care / Rehabilitation / NO emergencies | No medical interventions like IVs. General / medical care only | Basic home care only |
| Resuscitation of patients | Resuscitation of patients | Resuscitation of patients, where there is no LIVING WILL | Caregiver not trained for resuscitation |
| Doctors on site | Doctors visit the patients daily | Doctor visits 1 or 2 times per week or in case of EMERGENCIES | Doctor visit home for EXTREME EMERGENCIES ONLY |

## GETUIGSKRIF

Ons is toegewyd om diens van topgehalte te lewer.

Rencia... ek het nie woorde om vir jou te sê hoe ń fantastiese voorbeeld jy en jou mense vandag gestel het vir enige ander instansie van hoe mens hierdie situasie hanteer en reël...julle stel ń puik voorbeeld en dankie uit ons harte vir al jul moeite, vriendelike hantering en liefde waarmee julle al ons 'ou' mensies veilig en geliefd laat voel het... julle het ń puik voorbeeld gestel...DANKIE opreg

**RATE OUR SERVICE**

Visit the 'Rate our Service' page on our website to leave your review!

★★★★★


**General enquiries** 012 883 1913/4 • waterkloofmarina@laviecare.co.za


Stay updated with La Vie Care. Visit www.laviecare.co.za and subscribe to our newsletter.

# THE THREE MUSKETEERS

RESIDENTS / INWONERS • Deur Elmarie, Sally & Julie [66, 79, 78]



The Three Musketeers of Mallard are a familiar sight to residents of that small street. Julie Keys [78] and Elmarie Boekhoud [66], both on the corners at Heritage Drive meet with Sally Langeveldt [79] frequently during the week to share walks and meals and to chat to friends along the way. Here are their stories.

Elmarie: Ek het vanaf Rustenburg na Waterkloof Marina verhuis. Hier het ek gou agtergekom dat die woorde 'enkel' en 'alleen' beslis nie verband hou nie. Ek het gou kennis gemaak met persone wat gemeenskaplike belangstellings het – lees, reis, musiek en stap. My oorkantste buurvroue, Vivian, Sally en Julie het saam met my, my eerste ondersteunende tree gegee na ń operasie - kos aangedra en bemoedig. Ons het sosiale byeenkomste en teatervertonings bygewoon. Elke dag word met ń breë glimlag op hierdie pragtige plek begroet.

Sally: Ek het ń paar jaar gelede die koue Standerton verruil vir Pretoria se lekker klimaat. Ek geniet dit om te lees en om in my tuin te werk, pilates te doen en te stap in ons pragtige oord. Ek het wonderlike nuwe vriende hier gemaak in besonder Elmarie en Julie my bure en Lizeth my stapmaat. Hulle is altyd daar vir my met raad en ondersteuning. Ek kry ook inspirasie van my pilates oefengroep. Ek sê elke dag dankie vir die voorreg om hier te kan bly.

Julie: I was born in Malawi and from age 9 went to school in Zimbabwe. I am a fully qualified Royal Academy of Dancing Teacher with International Dancing Teacher Association. I had my own school in Zimbabwe as well as one in East London. I like creative things; I knit, crochet and sew. I also do Diamond Art. I am a shepherd at our church and am overseeing 4 cell/study groups. I also work for my own daughter in her admin department of their business. I have 3 married daughters, 9 grandchildren and one great granddaughter. I love living here at the Marina and have really great neighbours and friends in Sally and Elmarie. I love to help people: my mother always said that if you need something done ask a busy person because that person will always make time for you. So if you need someone to help, I'm your lady!

# WHO IS DAWIE JACOBS


RESIDENTS / INWONERS • Deur Dawie Jacobs [1143]

Ek is in die proses om ń leefstylverandering te maak.
Ek wil die begrip 'lock-up-and-go' vervolmaak, ook om makliker te kan wegbreek na my kinders - ek geniet die proses van afskaal terdeë. Gelukkig het ek ruim tyd, want my ander eiendom word eers vanaf einde Augustus verhuur. Ek maak skoon soos nog nooit, ook my kop - ek wil nou werklik lig reis. My huishulp se man het al twee bakkievragte goed kom oplaai. My tuinjong word weekliks geseën. Ek het al asdromme en asdromme volgemaak met ou leërs en dokumente - die feit dat ek my storie nou in my memoir neergepen het, maak dit makliker om van ou dokumente en leêrs ontslae te raak. Ek het byna 200 boeke by 2de handse boekwinkel afgegee. Familie het al spesiale goed uit my versamelings 'ge-erf'. Ek is weereens verstom oor hoe ń mens versamel oor tyd! As jy jou kry, besit jou besittings jou. En sowat 20 jaar gelede het ek reeds gedog ek skaal af vanaf ń groot familiehuis! Nogtans is dit ń opwindende belewenis en in die proses loop mens ook deur die laning van herrinnering as jy deur leêrs, fotos, notas en briewe en kaartjies blaai wat jy oor die jare van vriende en familie ontvang het. Kosbaar vir my is verjaarsdagkaartjies en briefies van my kinders vanaf kleintyd - geld kan dit nie koop nie! Die reis duur voort.

Tonele op my stappie vanaand - die eerste aand by die nuwe 'stasie'. Ek besef weereens: 'Happines is not bound to a place, it is a mindset ... '

# WHO IS THE UYS CLAN

RESIDENTS / INWONERS • Deur Pieter en Etheresia Uys [90]



Ons is nie een boorlinge van Pretoria nie.

Ek is in Durban gebore, maar as klein seuntjie na Pta verhuis waar ek later aan die Hoërskool Langenhoven matrikuleer het. Ek het my tersiêre studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi en ń BA graad met regsvakke behaal en ek was Voorsitter van die regshuis. Ek het ń verdere graad, B Juris, behaal aan Unisa.
Ek het ń vennoot by Friedland Hart en vennote waar ek na 44 jaar afgetree het as ń senior vennoot. Ek was gedurende die tyd ook Voorsitter van die staande komitee vir Boedels en Trusts by die Prokureursordes van Suid-Afrika. Ek was ook gekies as ouderling by Raslouw NG Gemeente 1979 en het daar gedien tot 1990.

Etheresia is in Potchefstroom gebore en het aan die Hoërskool Pinetown KwaZulu-Natal gematrikuleer.
Ek het vir Etheresia op Universiteit ontmoet waar sy ń BA met onderwysvakke behaal het. Sy het later ń Nagraadse Diploma in Kleuteronderwys aan Unisa behaal en het vir 26 jaar onderwys gegee, onder andere het sy ń graad R skool aan ń staatslaerskool gevestig waar sy vir dertien jaar die hoof was.

Na ons huwelik het ons 40 jaar in Wierdapark in Centurion gewoon. Ons het drie dogters en vier kleinkinders en een hond.

Ons het in 2019 besluit on na ń aftreeoord te verhuis en die plek wat ons die meeste geval het was Waterkloof Marina. Ons is nog nie een dag spyt hieroor nie.

# LET'S UNWIND

CREATIVE / KREATIEF

Chuck Norris se ouma is so rof, hy het een keer vir haar staalwol gekoop toe brei sy vir hom ń Ford bakkie.

Q: What do you name your newborn baby boy born on Election day?
A: Wouter

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | | | 7 | | | | |
| 6 | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | 9 | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | 3 |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 1 |
| 7 | | | | 2 | | | | 6 |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | | | | 8 | | | 7 | 9 |






Kleur my in!

## ADVERTENSIESPASIE

GOOD TO KNOW / GOED OM TE WEET     Waterkloof Marina Nuusbrief

- Ons beoog om die nuusbrief elke 2 of 3 maande te versprei, afhangend van die belangstelling en die terugvoer wat ons op hierdie eerste nuusbrief kry.
- Dit sal gratis versprei word aan alle eienaars en inwoners per e-pos.
- U kan ń advertensie plaas in die nuusbrief teen ń koste. Kontak Ontvangs gerus vir die koste.
- Voorsien u advertensies verkieslik in kleur. Kunswerk moet in .jpg formaat aan kantoor ge-epos word.
- Stuur asseblief u aansoek en kunswerk aan kantoor vir plasing - admin.waterkloof@csimanagement.co.za

Advertensies kan ook op die kennisgewingbord geplaas word teen R150 vir 30 dae. Maksimum grootte A5.
E-pos die aansoek en kunswerk na:
admin.waterkloof@csimanagement.co.za

# KOMMUNIKASIEKANALE

GOOD TO KNOW / GOED OM TE WEET

ONS HERINNER U GRAAG DAT FOUTE EN NAVRAE OP DIE VOLGENDE WYSE GERIG OF GERAPPORTEER MOET WORD:

**HAAKLYSTE, RETENSIE ITEMS EN DRINGENDE HERSTELWERK**

Dit is belangrik om die korrekte kanaal te volg vir die effektiewe hantering van u navraag of klagte.

1. U haaklys ("snag"-lys) moet afgehandel wees teen die tyd wat u teken vir u sleutel by die ontwikkelaar. Die bemarker met wie u gewerk het tydens die aankoop van u eenheid, bestuur hierdie proses tot en met sleuteloorhandiging.

2. U retensielys is die dokument wat u opstel nadat u u sleutels ontvang het. Eienaars het 90 dae hiervoor, neem dus u tyd en voltooi die lys so volledig moontlik voordat u dit indien. Eienaars moet hul retensielyste e-pos na die ontwikkelaar by wkm.retentions@centraldev.co.za of dit inhandig by Ontvangs, waar die dames dit met graagte namens u sal stuur. Indien u dit self na die ontwikkelaar stuur per e-pos, stuur asseblief ń afskrif ("CC") aan Ontvangs op admin.waterkloof@csimanagement.co.za vir kontrole-doeleindes. Die ontwikkelaar gee direk aan eienaars terugvoer oor die tydlyne vir retensiewerk, maar indien u onseker is, kontak gerus die dames by Ontvangs, hulle help graag waar hulle kan.

3. Dringende herstelwerk in eenhede wat steeds onder retensie is – m.a.w. u 90 dae het nog nie verstryk nie - moet asseblief by Ontvangs aangemeld word, binne kantoorure sover moontlik. U kan dit in persoon doen, of per e-pos na admin.waterkloof@csimanagement.co.za, of u kan die dames skakel op x1901 en x1904. Slegs noodgevalle, nl. elektries-, loodgieters- of sekuriteitverwant - mag na-ure op die noodfoon (0646293208) aangemeld word.

4. Ons vra dat u asseblief nie die noodlyn sal skakel (veral naweke en saans) om ander inwoners te bespreek of algemene klagtes te lê nie. Maak ook eers seker u het krag gekoop en gelaai, alvorens u die noodlyn skakel om ń fout met elektrisiteitstoevoer aan te meld.

## VOEDSELDIENSTE

Komplimente of klagtes oor voedseldienste kan in die boek in die koffiewinkel aangeteken word. Voedseldiensbestuurders kan gekontak word in persoon, of per e-pos by mhenrick@fedicsunit.co.za (Michael) en kbouwer@fedicsunit.co.za (Katinka) om komplimente oor te dra of klagtes aan te meld, of oor bestellings, of om enige ander voedseldiensverwante aangeleentheid te bespreek insluitend medies-verwante dieetvereistes.

## WIFI/TELEFONE

Konsulteer asseblief u Leefstylgids asook die pamflette wat u ontvang het tydens registrasie by Ontvangs. Hou die self-diagnose dokument byderhand vir toekomstige gebruik, dit bevat waardevolle inligting vir wanneer u ń fout met die stelsel ondervind en dit self wil probeer regstel. Wanneer u egter ń fout rapporteer aan S4L, dring asseblief aan op ń verwysingsnommer. Foute kan gerapporteer word by 012 883 1800 of info@surf4life.co.za. Ontvangs kan ook help met die aanmelding van foute.

## ALGEMEEN

Indien u sien dat die reëls van die landgoed oortree word, meld dit asseblief dadelik aan by Sekuriteit (1932 / 076 881 99330) sodat die saak onmiddellik aandag kan geniet. Dit is slegs moontlik om ń probleem aan te spreek op grond van feitelike inligting (name, dag en datum) of waar die oortrededing besig is om plaas te vind. Dankie!

Indien u onseker is oor die korrekte kommunikasiekanaal, sal Ontvangs u steeds met graagte sover moontlik help, of na die regte persoon verwys.